EN NADEMAAL persone of liggame in die diens en onder die beheer van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, op versoek van die Lebowa Regering, voortgegaan het met die uitoefening of verrigting van sekere bevoegdhede, werksaamhede en pligte by of kragtens bedoelde wette verleen of opgedra, binne die gebied van Lebowa;

EN NADEMAAL die voormelde Regerings dit dienstig ag dat die uitvoering of verrigting van sodanige bevoegdhede, funksies of pligte geformaliseer word;

NOU DERHALWE kom die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Lebowa Regering (hieronder gesamentlik die Partye genoem) soos volg ooreen:

1

Die Partye erken dat die administratiewe beheer, bevoegdhede, pligte en funksies met betrekking tot grond- en mineraal-aangeleenthede binne die gebied van Lebowa, in die Lebowa Regering vestig.

2

Ten einde die Lebowa Regering behulpsaam te wees met die administrasie van die wette met betrekking tot mineraal-aangeleenthede binne die gebied van Lebowa, sal die Regering van die Republiek van Suid-Afrika deur middel van sy Departement van Mineraal-en Energiesake, die betrokke dienste aan die Lebowa Regering lewer op die volgende voorwaardes:

- (a) die Lebowa Regering moet, op aanbeveling van gemelde Departement, 'n persoon in die diens, of die liggaam onder die beheer, van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, aan wie of waaraan die uitvoering of uitoefening van enige bevoegdheid, werksaamheid of plig ingevolge enige van sodanige wette opgedra of opgelê is, skriftelik aanwys;
- (b) sodanige persoon of liggaam moet enige sodanige bevoegdheid, werksaamheid of plig uitoefen of uitvoer ooreenkomstig sodanige voorskrifte, opdragte of beleid wat die Lebowa Regering van tyd tot tyd mag voorskryf; en
- (c) die Lebowa Regering onderneem om—
 - (i) die Regering van die Republiek van Suid-Afrika te vrywaar teen enige eis, verlies of skade wat hy mag ly of opdoen as gevolg van of wat in verband staan met die uitvoering of uitoefening van enige bevoegdheid, werksaamheid of plig deur sodanige persoon of liggaam; en
 - (ii) gemelde Departement van Mineraal- en Energiesake te vergoed vir sy uitgawes wat ontstaan in verband met enige dienste in die gebied van Lebowa gelewer, op 'n basis waarop die betrokke Departement van of liggaam onder die beheer van die Lebowa Regering en gemelde Departement van Mineraal- en Energiesake ooreenkom.

AND WHEREAS the Government of the Republic of South Africa has, through its Department of Mineral and Energy Affairs, the resources and expertise at its disposal to assist the Lebowa Government in the administration of the laws relating to mineral matters;

AND WHEREAS persons or bodies in the service or under the control of the Government of the Republic of South Africa have, at the request of the Lebowa Government, continued to exercise or perform certain powers, functions or duties conferred or imposed in terms of the said laws within the territory of Lebowa;

AND WHEREAS the aforementioned Governments deem it expedient that the exercise or performance of such powers, functions or duties be formalised;

NOW, THEREFORE, the Government of the Republic of South Africa and the Lebowa Government (hereinafter jointly referred to as the Parties) agree as follows:

1

The Parties recognise that the administrative control, powers, duties and functions in relation to land and mineral matters within the territory of Lebowa vest in the Lebowa Government.

2

In order to assist the Lebowa Government to administer the laws relating to mineral matters within the territory of Lebowa, the Government of the Republic of South Africa, through its Department of Mineral and Energy Affairs, shall render the said services to the Lebowa Government on the following conditions:

- (a) the Lebowa Government shall, on the recommendation of the said Department, designate in writing a person in the service, or the body under the control, of the Government of the Republic of South Africa, who or which is required to exercise or perform any power, function or duty conferred or imposed in terms of any of the said laws;
- (b) such person or body shall exercise or perform any such power, function or duty in accordance with such directions, directives or policy as the Lebowa Government may from time to time determine; and
- (c) the Lebowa Government undertakes to—
 - (i) indemnify the Government of the Republic of South Africa against any claim, loss or damage which it may sustain or incur as a result of or in connection with the exercise or performance of any such power, function or duty by such person or body; and
 - (ii) reimburse the said Department of Mineral and Energy Affairs for its expenditure incurred in connection with any services rendered in the territory of Lebowa on a basis to be agreed upon between the relative Department of or body under control of the Lebowa Government and the said Department of Mineral and Energy Affairs.

3

(a) Die Lebowa Regering erken—

- (i) dat sekere prospekter-, myn- en ander regte toegeken of geniet is ingevolge die mineraalwette van die Republiek van Suid-Afrika ten opsigte van sekere grond en mineraalregte wat op 31 Desember 1986 deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika aan hom oorgedra is; en
- (ii) dat hy op gemelde datum al die regte en verpligtinge van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika ten opsigte van sodanige regte ontvang het.

(b) Die Lebowa Regering sal—

- (i) alle regte waarna in paragraaf 3 (a) (i) van hierdie Ooreenkoms verwys word ten opsigte van al die grond en mineraalregte wat aan hom oorgedra is of aan hom oorgedra staan te word, eerbiedig; en
- (ii) waar behoorlike aansoeke ingedien word om die hernuwing van sodanige regte ingevolge die wette van Lebowa of, ingeval sodanige regte as gevolg van enige verandering in die status van die grond nadelig geaffekteer word, soortgelyke vergelykbare regte aan die laaste houers van sodanige regte toeken: Met dien verstande dat sodanige houers die bepalings en vereistes nagekom het wat betrekking het op die toekenning van die regte en dat sodanige hernuwings nie teenstrydig met die wette van krag in Lebowa is nie.

- (c) Die Lebowa Regering onderneem om alle redelike fasiliteite aan alle instansies te verskaf wat regte met betrekking tot mineraalaangeleenthede in die gebied van Lebowa wettig uitoefen, met inbegrip van redelike toegang tot, uitgang uit en vryheid van beweging in, die gebied van Lebowa van sodanige instansies, hulle werknemers en alle ander persone wat dienste aan sodanige instansies lewer.

4

Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika sal alle gelde wat in verband met die toekenning of hernuwing van enige lisensies of regte met betrekking tot prospekter- en mynregte in die gebied van Lebowa, wat op of na 31 Desember 1986 aan die Regering van die Republiek van Suid-Afrika betaal is, en wat regtens die Lebowa Regering toekom, aan die Lebowa Regering oorbetaal.

5

- (a) Ten einde prospekter- en mynaangeleenthede in suidelike Afrika in die gemeenskaplike belang van die Partye op 'n ordelike wyse te reël en te stimuleer kan die Lebowa Regering met die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, deur bemiddeling van laasgenoemde Regering se Departement van Mineraal- en Energiesake, oorleg pleeg in verband met prospektering en mynbou, die produksie, prosessering, veredeling, bemarking en uitvoer van minerale en mineraalprodukte, en die finansiering en kontrole van sodanige aktiwiteite.

3

(a) The Lebowa Government acknowledges—

- (i) that certain prospecting, mining and other rights have been granted or enjoyed in terms of the mineral laws of the Republic of South Africa in respect of certain land and mineral rights transferred to it on 31 December 1986 by the Government of the Republic of South Africa; and
- (ii) that on the said date it took over all rights and obligations of the Government of the Republic of South Africa in respect of such rights.

(b) The Lebowa Government shall—

- (i) honour all rights referred to in paragraph 3 (a) (i) of this Agreement in respect of all land and mineral rights transferred or to be transferred to it; and
- (ii) where suitable applications are lodged for the renewal of such rights in terms of the laws of Lebowa or, in the event of such rights being adversely affected as a result of any change in the status of such land, grant comparable rights to the last holders of the said rights: Provided that such holders have complied with the provisions and the requirements pertaining to the granting of the rights and that such renewals are not in conflict with the laws of Lebowa.

- (c) The Lebowa Government undertakes to afford all reasonable facilities to all concerns lawfully exercising rights relating to mineral matters within the territory of Lebowa, including reasonable access to, exit from, and freedom of movement in, the territory of Lebowa, of such concerns, their employees and all other persons rendering services to such concerns.

4

The Government of the Republic of South Africa shall pay to the Lebowa Government all moneys, lawfully due to the Lebowa Government, which have been received on or after 31 December 1986 by the Government of the Republic of South Africa in connection with the granting or renewal of any licences or rights relating to prospecting and or mining rights in the territory of Lebowa.

5

- (a) In order to regulate and stimulate prospecting and mining matters in Southern Africa in an orderly manner and in the mutual interest of the Parties, the Lebowa Government may consult with the Government of the Republic of South Africa through the latter Government's Department of Mineral and Energy Affairs in regard to prospecting and mining, the production, processing, beneficiation, marketing and export of minerals and mineral products, and the financing and control of such activities.

- (b) Die Regering van die Republiek van Suid-Afrika onderneem om op versoek van die Lebowa Regering, in soverre hy daartoe in staat is, geologiese en ander vakkundige, tegniese en administratiewe bystand, inligting, advies en leiding aan die Lebowa Regering in verband met enige aangeleentheid bedoel in paragraaf (a) te verskaf.
- (c) Die Lebowa Regering onderneem om aan alle gemagtigde persone in die diens van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika gereedlike toegang tot, uitgang uit en vryheid van beweging in, die gebied van Lebowa te verleen, ten einde hulle in staat te stel om enige bevoegdheid, werksaamheid en plig ingevolge hierdie Ooreenkoms uit te oefen of te verrig in of ten opsigte van die gebied van Lebowa.
- (d) Die Lebowa Regering onderneem om sodanige fasiliteite, hulp of middele beskikbaar te stel wat redelikerwys nodig mag wees om enige persoon in die diens, of enige liggaam onder die beheer, van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika in staat te stel om die bepalings van hierdie Ooreenkoms na te kom en die oogmerke daarvan te bereik.

6

Die Partye onderneem om met mekaar oorleg te pleeg voordat hulle enige wetgewing met betrekking tot mineraalaangeleenthede aanneem wat die oogmerke van hierdie Ooreenkoms kan affekteer.

7

- (a) Hierdie Ooreenkoms kan deur enigeen van die Partye opgesê word deur aan die ander Party ses maande skriftelike kennis van beëindiging te gee.
- (b) Enige wysiging aan hierdie Ooreenkoms moet op skrif wees en onderteken word deur beide partye.
- (c) Indien enige van die Partye versuim om enige van sy verpligtinge ingevolge hierdie Ooreenkoms of die ooreenkoms bedoel in paragraaf 2 (c) (ii) hierbo, na te kom of uit te voer, sal die ander Party geregtig wees om sodanige Party kennis te gee om daaraan te voldoen binne 'n tydperk van nie minder nie as 30 dae. Indien die versuimende Party versuim om dit te doen, sal die ander Party geregtig wees om hierdie Ooreenkoms sonder verdere kennisgewing te beëindig.

8

Enige kennisgewing soos bedoel in paragraaf 7 hierbo, is geldig indien dit in 'n gefrankeerde, aangeleekende koevert gerig is aan—

- (a) die Lebowa Regering te:
 p/a Departement van Ekonomiese Sake en
 Tegnologie
 Lebowa Regeringsdiens
 Regeringsgebou
 LEBOWAKGOMO
 0745
 of

- (b) The Government of the Republic of South Africa undertakes, at the request of the Lebowa Government, in so far as it is able, to provide geological and other professional, technical and administrative assistance, information, advice and guidance to the Lebowa Government in regard to any matter referred to in paragraph (a).
- (c) The Lebowa Government undertakes to grant to all authorised persons in the service of the Government of the Republic of South Africa reasonable access to, exit from, and freedom of movement in, the territory of Lebowa to enable them to exercise or perform any power, duty or function in or in respect of the territory of Lebowa under this Agreement.
- (d) The Lebowa Government undertakes to provide such facilities, assistance or means as may be reasonably necessary to enable any person in the service, or any body under the control, of the Government of the Republic of South Africa, to carry out the terms and to achieve the objectives of this Agreement.

6

The Parties undertake to consult with each other before they pass any legislation relating to mineral matters which may affect the objectives of this Agreement.

7

- (a) This Agreement may be terminated by either Party giving six months' written notice of such termination to the other Party.
- (b) Any amendment to this Agreement shall be in writing and signed by the Parties.
- (c) Should any of the Parties fail to meet or carry out any of their obligations in terms of this Agreement or the agreement referred to in paragraph 2 (c) (ii) above, the other Party shall be entitled to give such Party notice to comply therewith within a period of not less than 30 days. Should the defaulting Party fail to do so the other Party may terminate this Agreement without further notice.

8

Any notice referred to in paragraph 7 above, shall be valid if addressed in a prepaid registered envelope to—

- (a) the Lobowa Government at:
 c/o Department of Economic Affairs and
 Technology
 Lebowa Government Service
 Government Buildings
 LEBOWAKGOMO
 0745
 or

(b) die Regering van die Republiek van Suid-Afrika
p/a Direkteur-generaal
Departement van Mineraal- en Energiesake
Privaatsak X59
PRETORIA
0001

of enige ander adres binne die gebied van Lebowa of binne die Republiek van Suid-Afrika, na gelang van die geval, waarvan enige van die Partye hierna aan die ander Party skriftelik kennis mag gee. Die Partye kies hiermee hulle *domicilia citandi et executandi* by bogenelde adresse.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, behoorlik deur hulle onderskeie Regerings daartoe gemagtig, hierdie Ooreenkoms onderteken en geseël het.

GEDOEN te PRETORIA, in tweevoud, in die Afrikaanse taal, op hierdie 26ste dag van Junie 1990.

B. J. DU PLESSIS,

WAARNEMENDE MINISTER VAN MINERAAL- EN ENERGIESAKE EN OPENBARE ONDERNEMINGS.

VIR DIE REGERING VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

GEDOEN te LEBOWAKGOMO, in tweevoud, in die Afrikaanse taal, op hierdie 3de dag van Julie 1990.

M. M. MARISHANE,

MINISTER VAN EKONOMIESE SAKE EN
TEGNOLOGIE.

VIR DIE LEBOWA REGERING.

No. 2076

31 Augustus 1990

UI THOU VAN GROND VIR DIE
DOEL VAN 'N DORP

Die Staatspresident het 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer 7,3567 hektaar groot, geleë op die plaas Langlaagte 224 IQ, distrik Johannesburg, myn-distrik Johannesburg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van Rand Mines Properties Ltd en getoon op 'n sketskaart waarvan afdrucke onder RMT R59/90 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, bewaar word, kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet No. 20 van 1967), vir die doel van 'n dorp uitgehou.

(19/5/1/2916)

(b) the Government of the Republic of South Africa
c/o The Director-General
Department of Mineral and Energy Affairs
Private Bag X59
PRETORIA
0001

or any such other address in the territory of Lebowa or in the Republic of South Africa, as the case may be, as either of the Parties may hereafter give notice in writing to the other Party.

The Parties hereby choose their *domicilia citandi et executandi* at the aforementioned addresses.

IN WITNESS WHEREOF the undersigned, being duly authorised thereto by their respective Governments, have signed and sealed this Agreement.

DONE at PRETORIA, in duplicate, in the English language, this 26th day of June 1990.

B. J. DU PLESSIS,

ACTING MINISTER OF MINERAL AND ENERGY AFFAIRS AND PUBLIC ENTERPRISES.

FOR THE GOVERNMENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

DONE at LEBOWAKGOMO, in duplicate, in the English language, this 3rd day of July 1990.

M. M. MARISHANE,

MINISTER OF ECONOMIC AFFAIRS AND
TECHNOLOGY.

FOR THE LEBOWA GOVERNMENT.

No. 2076

31 August 1990

RESERVATION OF LAND FOR THE
PURPOSES OF A TOWNSHIP

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act No. 20 of 1967), reserved for the purposes of a township a portion of proclaimed land, approximately 7,3567 hectares in extent, situated on the farm Langlaagte 224 IQ, District of Johannesburg, Mining District of Johannesburg, Province of the Transvaal, registered in the name of Rand Mines Properties Ltd and shown on a sketch plan copies of which have been filed under RMT R59/90 in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg.

(19/5/1/2916)

No. 2077

31 Augustus 1990

**UITHOU VAN GROND VIR DIE
DOEL VAN 'N DORP**

Die Staatspresident het 'n stuk geproklameerde grond, ongeveer 9,7438 hektaar groot, geleë op die plaas Witpoortje 117 IR, distrik Brakpan, myndistrik Johannesburg, provinsie Transvaal, geregistreer op naam van die Stadsraad van Brakpan en getoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke onder RMT R72/89 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, bewaar word, kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet No. 20 van 1967), vir die doel van 'n dorp uitgehou.

(19/5/1/2904)

**DEPARTEMENT VAN NASIONALE
GESONDHEID EN BEVOLKINGS-
ONTWIKKELING**

No. 2021

31 Augustus 1990

**VERKLARING VAN BYKOMENDE WERK
TOT RISIKOWERK**

Ek, Colin McKenzie Cameron, handelende namens en in opdrag van die Minister van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, verklaar hierby kragtens artikel 13 van die Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973 (Wet No. 78 van 1973), die volgende bykomende werk (kursief gedruk) by beheerde platina-myne met ingang van 1 Oktober 1990 tot risikowerk:

- (i) Waar verkorreling *of sproeidroging* plaasvind; en
- (ii) waar smelting *en omsettingsbedrywighede* plaasvind.

(Lêer 22/5/1/5)

**DEPARTEMENT VAN NASIONALE
OPVOEDING**

No. 2093

31 Augustus 1990

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN EIENDOM TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), verklaar ek, Theodorus Gerhardus Alant, Adjunk-minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom in die Bylae hiervan volledig beskryf, tot nasionale gedenkwaardigheid.

BYLAE

DIE OU MERENSKY-BIBLIOTEEKGEBOU MET INBEGRIIP VAN DIE INGANGSTRAPPE BY DIE WESTELIKE FASADE, GELEË OP DIE KAMPUS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, IN LYNNWOODWEG, PRETORIA

Beskrywing:

Die ou Merensky-biblioteekgebou, met inbegrip van die ingangstrappe by die westelike fasade, geleë op die kampus van die Universiteit van Pretoria op Gedeelte 399 van die plaas Elandspoort 357, Registrasie-afdeling JR, Transvaal.

Transportakte T55049/1981, gedateer 24 November 1981.

T. G. ALANT,
Adjunk-minister van Nasionale Opvoeding.

No. 2077

31 August 1990

**RESERVATION OF LAND FOR THE
PURPOSES OF A TOWNSHIP**

The State President has, in terms of section 184 of the Mining Rights Act, 1967 (Act No. 20 of 1967), reserved for the purposes of a township a portion of proclaimed land, approximately 9,7438 hectares in extent, situated on the farm Witpoortje 117 IR, District of Brakpan, Mining District of Johannesburg, Province of the Transvaal, registered in the name of the Town Council of Brakpan and shown on a sketch plan copies of which have been filed under RMT R72/89 in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the office of the Mining Commissioner, Johannesburg.

(19/5/1/2904)

**DEPARTMENT OF NATIONAL
HEALTH AND POPULATION
DEVELOPMENT**

No. 2021

31 August 1990

**DECLARATION OF ADDITIONAL WORK
TO BE RISK WORK**

I, Colin McKenzie Cameron, acting on behalf and by direction of the Minister of National Health and Population Development, do hereby, in terms of section 13 of the Occupational Diseases in Mines and Works Act, 1973 (Act No. 78 of 1973), declare the following additional work (printed in italics) at controlled platinum mines to be risk work with effect from 1 October 1990:

- (i) Where pelletizing *or spraydrying* is done; and
- (ii) where smelting *and converting operations* take place.

(File 22/5/1/5)

**DEPARTMENT OF NATIONAL
EDUCATION**

No. 2093

31 August 1990

**NATIONAL MONUMENTS ACT,
No. 28 OF 1969**

**DECLARATION OF PROPERTY TO BE A
NATIONAL MONUMENT**

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), I, Theodorus Gerhardus Alant, Deputy Minister of National Education, hereby declare the property as fully described in the Schedule hereto to be a national monument.

SCHEDULE

THE OLD MERENSKY LIBRARY BUILDING, INCLUDING THE ENTRANCE STAIRS AT THE WESTERN FACADE, SITUATED ON THE CAMPUS OF THE UNIVERSITY OF PRETORIA IN LYNNWOOD ROAD, PRETORIA

Description:

The old Merensky Library building, including the entrance stairs at the western facade, situated on the campus of the University of Pretoria on Portion 399 of the farm Elandspoort 357, Registration Division JR, Transvaal.

Deed of Transfer T55049/1981, dated 24 November 1981.

T. G. ALANT,
Deputy Minister of National Education.

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE

No. 2078

31 Augustus 1990

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 2 (4) VAN DIE WET OP DIE WATTELBASNYWERHEID, 1960 (WET No. 23 VAN 1960)

Ek, Gert Jeremias Kotzé, Minister van Omgewingsake en van Waterwese, kondig hierby ingevolge artikel 2 (4) van die Wet op die Wattlebasnywerheid, 1960 (Wet No. 23 van 1960), af dat die kwekers en vervaardigers die Ooreenkoms afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 205 van 6 Februarie 1987, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 998 van 8 Mei 1987, met my goedkeuring gewysig het soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

G. J. KOTZÉ,

Minister van Omgewingsake en van Waterwese.

BYLAE**Wysiging van klousule 1**

1. Klousule 1 van die Ooreenkoms word hierby gewysig—

- (a) deur die invoeging voor die omskrywing van "bas" van die volgende omskrywing:
"owerheid" enige liggaam, regs persoon of samevoeging daarvan wat deur die Raad goedgekeur is met die oog op die oprigting van 'n basleweringseenheid;"
- (b) deur die invoeging na die omskrywing van "afdeling" van die volgende omskrywing:
"standhoudende potensiaal" die volhoubare jaarlikse produksie op 'n deurlopende basis van bas afkomstig van die watteloppervlakte van 'n kweker op die voorwaardes soos van tyd tot tyd bepaal deur die Kwekersbaskwotakomitee."

Vervanging van klousule 2

2. Klousule 2 van die Ooreenkoms word hierby deur die volgende klousule vervang:

- "2. Tensy uitdruklik anders bepaal in hierdie Ooreenkoms, word enige kennisgewing uitgereik, bepaling gemaak of maatreëls getref of enigiets gedoen by of kragtens die bepalings van enige vorige vasstelling en/of ooreenkoms ingevolge die Wet, geag uitgereik, gemaak, getref of gedoen te gewees het kragtens die ooreenstemmende bepalings van hierdie Ooreenkoms."

Wysiging van klousule 14 in die Engelse teks

3. Klousule 14 in die Engelse teks van die Ooreenkoms word hierby gewysig deur die vervanging van paragraaf (b) van subklousule 14.2 deur die volgende paragraaf:

- "(b) to arrange, with the approval of the Board, for such staff, accommodation and services as it deems necessary to carry out its functions on such terms as it considers proper and with power to make arrangements with the Board on such matters;"

DEPARTMENT OF ENVIRONMENT AFFAIRS

No. 2078

31 August 1990

NOTICE IN TERMS OF SECTION 2 (4) OF THE WATTLE BARK INDUSTRY ACT, 1960 (ACT No. 23 OF 1960)

I, Gert Jeremias Kotzé, Minister of Environment Affairs and of Water Affairs, hereby notify in terms of section 2 (4) of the Wattle Bark Industry Act, 1960 (Act No. 23 of 1960), that the growers and manufacturers have amended the Agreement published by Government Notice No. 205 of 6 February 1987, as amended by Government Notice No. 998 of 8 May 1987, with my approval as set out in the Schedule hereto.

G. J. KOTZÉ,

Minister of Environment Affairs and of Water Affairs.

SCHEDULE**Amendment of clause 1**

1. Clause 1 of the Agreement is hereby amended—
- (a) by the insertion before the definition of "bark" of the following definition:
" 'authority' means any body, juristic person or any group thereof who shall be approved by the Board for the purpose of forming a bark delivery unit;"
- (b) by the insertion after the definition of "section" of the following definition:
" 'sustainable potential' means the sustainable annual production of bark on an ongoing basis derived from a grower's wattle area under the conditions as determined by the Growers' Bark Quota Committee from time to time."

Substitution of clause 2

2. The following clause is hereby substituted for clause 2 of the Agreement:

- "2. Save as may be specifically required to the contrary by this Agreement, any notice issued, determination made or any action taken or anything done under or in terms of the provisions of any previous determination and/or agreement pursuant to the Act, shall be deemed to have been issued, made, taken or done under the corresponding provisions of this Agreement."

Amendment of clause 14

3. Clause 14 of the Agreement is hereby amended by the substitution for paragraph (b) of subclause 14.2 of the following paragraph:

- "(b) to arrange, with the approval of the Board, for such staff, accommodation and services as it deems necessary to carry out its functions on such terms as it considers proper and with power to make arrangements with the Board on such matters;"

Vervanging van klousule 25

4. Klousule 25 van die Ooreenkoms word hierby deur die volgende klousule vervang:

“25. Kwekersbaskwotas**25.1 Registrasie van grond met die oog op deelname aan die bedryf**

- (1) Elke kweker moet die beskrywing van die titelakte van die plaas en die oppervlakte van sodanige plaas as wat hy met kommersiële wattlebome beplant het of voornemens is om te beplant by die Raad laat registreer. Die hele plaas aldus geregistreer, maak die kweker se geregistreeerde plaas en wattleoppervlakte uit.
- (2) Enige kweker, insluitende 'n owerheid, wie se plaas en wattleoppervlakte in die rekords van die Raad ten tye van die datum van die ondertekening van hierdie Ooreenkoms geregistreer is, sal geag word te voldoen aan klousule 25.1 (1).
- (3) Enige persoon of owerheid is daarop geregtig om aansoek te doen om voorlopige registrasie deur die indiening van 'n aansoek op 'n vorm deur die Kwekersbaskwotakomitee voorgeskryf. By goedkeuring van die aansoek word die aansoeker skriftelik in kennis gestel van die aanvaarding van die aansoek en dat die finale registrasie sal geskied wanneer die aansoeker of sy opvolger(s) in titel 'n kaart goedgekeur deur SAWGU indien waarop die wattlegebiede wat ooreenkomstig die voorwaardes wat deur die Raad gestel is, gevestig is, blootgelê word.
- (4) Enige verandering van die beskrywing of oppervlakte van 'n geregistreeerde plaas of van die wattleoppervlakte daarop, kan behoudens die bepalings van klousule 25.3 (6) deur die Raad, in sy diskresie, geregistreer word.
- (5) Elke stuk grond met 'n aparte beskrywing ten opsigte van die registrasie van die eiendomsreg op die grond by 'n aktekantoor, word as 'n aparte plaas geregistreer, tensy een of meer van genoemde stukke grond as 'n plaaseenheid ooreenkomstig klousule 25.1 (6) gekonsolideer is. Indien genoemde stukke aldus gekonsolideer is, word die plaaseenheid as een plaas geregistreer.
- (6) Stukke grond met 'n aparte beskrywing soos voormeld, kan aldus as 'n plaaseenheid gekonsolideer word wanneer 'n eienaar in wie se naam genoemde stukke grond geregistreer is, daarom aansoek doen, indien die Kwekersbaskwotakomitee daarvan oortuig is dat die aparte stukke grond inderdaad as een plaaseenheid bewerk en bestuur word.

Substitution of clause 25

4. The following clause is hereby substituted for clause 25 of the Agreement:

“25. Growers' bark quotas**25.1 Registration of land for participation in the industry**

- (1) Each grower shall cause to be registered with the Board the title deed description of the farm and the area of such farm which he has planted or proposed to plant with commercial wattle trees. The whole farm so registered shall constitute the growers' registered farm and wattle area.
- (2) Any grower including any authority whose farm and wattle area is registered in the records of the Board as at the date of signature of this Agreement shall be deemed to have complied with clause 25.1 (1).
- (3) Any person or authority shall be entitled to apply for a provisional registration by submitting an application on a form prescribed by the Growers' Bark Quota Committee. Upon approval of the application, the applicant shall be advised in writing of the acceptance of the application and that the final registration shall be effected when the applicant, or his successor(s) in title, submits a map approved by SAWGU disclosing the wattle areas established in accordance with conditions laid down by the Board.
- (4) Any change in the description or area of a registered farm or in the wattle area thereon may be registered by the Board in its discretion subject however to the provisions of clause 25.3 (6).
- (5) Each piece of land having a separate description in respect of the registration of the title to that land in any deeds registry shall be registered as a separate farm unless one or more of the said pieces of land are consolidated as a farm unit in terms of clause 25.1 (6). If the said pieces are so consolidated the farm unit shall be registered as one farm.
- (6) Pieces of land having a separate description as aforesaid may be so consolidated as a farm unit on the application of an owner holding the said pieces of land if the Growers' Bark Quota Committee is satisfied that the separate pieces of land are in fact farmed and managed as one farm unit.

- (7) Aparte plase of plaaseenhede kan as 'n bestuurseenheid gekonsolideer word vir die toekenning van 'n jaarbasleweringpermit indien 'n persoon in wie se besit daardie plase of plaaseenhede is, om konsolidasie van die jaarbasleweringpermit ten opsigte van sodanige plase of plaaseenhede aansoek doen by die Kwekersbaskwotakomitee en genoemde Komitee daarvan oortuig is dat genoemde plase of plaaseenhede—
- inderdaad as een eenheid bewerk en bestuur word; en
 - dit in die besit is van een persoon of as eienaar of as huurder kragtens 'n huurkontrak van minstens nege jaar (met uitsluiting van 'n moontlike hernuwingstermyn) of kragtens 'n ander reg in klousule 25.2 (2) bedoel.
- (8) Indien genoemde stukke aldus ooreenkomstig klousule 25.1 (7) gekonsolideer is, word die bestuurseenheid slegs vir genoemde doel as een plaas beskou en slegs een jaarbasleweringpermit word ten opsigte daarvan uitgereik.
- (9) Die Raad moet 'n register van geregistreerde plase, basleweringpermitte, basiese baskwotas en die name van die houers daarvan laat hou en moet alle veranderings ten opsigte daarvan laat aanteken.

25.2 Eienaarskap van basiese baskwotas tot en insluitend 31 Augustus 1995

- (1) 'n Basiese baskwota kan gehou word deur—
- 'n owerheid wat kwekers wat deel het aan 'n jaarblokbasleweringstonnemaat in klousule 25.8 (4) genoem, verteenwoordig;
 - elke ander kweker;
- ten opsigte van elke geregistreerde plaas. Die maksimum basiese baskwota is 'n tonnemaat in verhouding tot die jaarlikse potensiele produksie van die watteloppervlakte daarvan, soos deur die Kwekersbaskwotakomitee bepaal. Sodanige bepaling word slegs gemaak met die oog op die koop of verkoop van 'n basiese baskwota en moet op 'n billike grondslag geskied, met behoorlike inagneming van die watteloppervlakte, die boskultuurmetodes gevolg en enige ander aangeleenthede wat genoemde Komitee ter sake ag.
- (2) 'n Basiese baskwota ten opsigte van 'n geregistreerde plaas kan gehou word deur die geregistreerde eienaar daarvan of deur 'n persoon geregtig op die okkupasie en besit daarvan uit hoofde van vruggebruik of huur of 'n soortgelyke besitsreg.

- (7) Separate farms or farm units may be consolidated as a management unit for the purpose of the grant of an annual bark delivery permit if any person holding such farms or farm units applies to the Growers' Bark Quota Committee for consolidation of the annual bark delivery permit in respect of such farms or farm units and if the said Committee is satisfied that the aforesaid farms or farm units are—
- in fact farmed and managed as one unit; and
 - held by one person either as the owner or the lessee under a lease of at least nine years (excluding any possible renewal period) or by some other right as referred to in clause 25.2 (2).
- (8) If the said pieces are so consolidated in terms of clause 25.1 (7) the management unit shall, for the said purpose only, be regarded as one farm and one annual bark delivery permit only shall be issued in respect thereof.
- (9) The Board shall cause a register to be kept of registered farms, bark delivery permits, basic bark quotas, and the names of the holders thereof and shall cause to be registered all changes in respect of any of the foregoing.

25.2 Ownership of basic bark quotas up to and including 31 August 1995

- (1) Basic bark quota may be held by—
- an authority representing growers participating in block annual bark delivery tonnages referred to in clause 25.8 (4); and
 - every other grower;
- in respect of each registered farm. The maximum basic bark quota shall be a tonnage related to the annual potential production of the wattle area thereon as determined by the Growers' Bark Quota Committee. Such determination shall only be made against the purchase or sale of basic bark quota and shall be on an equitable basis, having due regard to the wattle area, the methods of silviculture adopted and any other matters considered relevant by the said Committee.
- (2) Basic bark quota may be held in respect of a registered farm by the registered owner thereof or by a person entitled to the occupation and possession thereof by virtue of a usufruct or lease or similar right to occupy.

- (3) By die verkryging van 'n basiese baskwota reik die Kwekersbaskwotakomitee onverwyld namens die Raad 'n basiese baskwotasertifikaat uit. Genoemde Komitee kan, met die goedkeuring van die Raad, voorwaardes stel vir die besit van sodanige basiese baskwotas: Met dien verstande dat sodanige voorwaardes eenvormig op alle kwekers in besit van basiese baskwotas, van toepassing moet wees.

25.3 Verkoop, oordrag, of herindeling of ander transaksies met basiese baskwotas en jaarbasleweringstonnemaat tot 31 Augustus 1995

- (1) Enige persoon wat wil afstand doen van 'n basiese baskwota wat gehou word ten opsigte van 'n geregistreerde plaas kan dit, behoudens die bepalings van klousule 25.3 (2), van die hand sit teen 'n prys waarop die partye by die transaksie onderling ooreengekom het.
- (2) Die basiese baskwota wat ten opsigte van 'n bepaalde geregistreerde plaas besit word, mag nie sonder die toestemming van die Raad op 'n ander geregistreerde plaas oorgedra word nie. Sodanige toestemming moet verleen word as die basiese baskwota ooreenkomstig die bepalings van klousule 25.3 (5) behandel is.
- (3) Ondanks die bepalings van klousule 25.4 is dit vir enige persoon met 'n regmatige aanspraak op die okkupasie en besit van enige geregistreerde plaas geoorloof om tydens daardie tydperk van okkupasie 'n basiese baskwota van 'n ander kweker of kwekers aan te koop onderworpe aan dieselfde bepalings en dieselfde voorwaardes as wat op eienaars van geregistreerde plase kragtens klousule 25.3 (2) van toepassing is, en voordat die besitsreg verstryk, word hy toegelaat om die aldus aangekoopte basiese baskwota aan enige ander kweker van die hand te sit, of anders om aansoek te doen om die oordrag daarvan op enige ander geregistreerde plase wat deur hom gehuur word, sy eiendom is of waarop hy 'n regmatige aanspraak vir besit het.
- (4) Waar die hele basiese baskwota van 'n geregistreerde plaas van die hand gesit is, moet die registrasie van daardie geregistreerde plaas ingetrek word en word dit slegs herregistreer met spesiale magtiging van die Raad.
- (5) Kwekers wat partye is by 'n transaksie vir die koop en verkoop van basiese baskwotas ingevolge klousule 25.3 (2) en (3), moet aansoek doen om die registrasie van die transaksie en die oordrag van die basiese

- (3) Upon the acquisition of a basic bark quota, the Growers' Bark Quota Committee shall forthwith on behalf of the Board, issue a basic bark quota certificate. The said Committee may, with the approval of the Board, impose conditions on the holding of such basic bark quota: Provided that such conditions shall be applied uniformly to all growers holding basic bark quotas.

25.3 Sale, transfer, re-arrangement or other dealings with basic bark quotas and annual bark delivery tonnages up to 31 August 1995

- (1) Any person desiring to dispose of any basic bark quota held in respect of a registered farm may dispose of it at a price mutually agreed upon by the parties to the transaction subject to the provisions of clause 25.3 (2).
- (2) The basic bark quota held in respect of any registered farm shall not be transferred to any other registered farm without the consent of the Board. Such consent shall be given if the basic bark quota has been dealt with in accordance with the provisions of clause 25.3 (5).
- (3) Notwithstanding the provisions of clause 25.4, it shall be competent for any person lawfully entitled to the occupation and possession of any registered farm to purchase a basic bark quota from another grower or growers during such period of occupation on the same terms and conditions as are applicable to owners of the registered farms as provided in clause 25.3 (2) and prior to the expiry of the right occupy he shall be permitted to dispose of the basic bark quota so purchased to any other grower, or alternatively to make application for its transfer to any other registered farms leased or owned by him or which he is lawfully entitled to occupy.
- (4) Where the whole of the basic bark quota of a registered farm has been disposed of, the registration of that registered farm shall be cancelled and shall only be re-registered with the special authority of the Board.
- (5) Growers who are parties to a transaction in the purchase and sale of basic bark quotas in terms of clause 25.3 (2) and (3) shall make application for the registration of the transaction and the transfer of the basic

- baskwota op 'n vorm wat deur die Kwekersbaskwotakomitee voorgeskryf word en op sodanige voorwaardes as wat die Raad van tyd tot tyd bepaal.
- (6) Waar 'n kweker meer as een geregistreerde plaas in sy besit het, kan hy, met toestemming van die Raad, die hele basiese baskwota, of sodanige gedeelte as wat die Raad mag goedkeur, wat hy hou ten opsigte van een geregistreerde plaas, oordra op enige ander geregistreerde plaas in sy besit: Met dien verstande dat—
- (a) die Raad vir doeleindes van hierdie klousule 'n plaas in besit van 'n vennootskap waarvan 'n kweker lid is of van 'n maatskappy waarin 'n kweker 'n belang het waaromtrent die Raad oortuig is dat dit genoegsaam substansiële is, kan beskou as deur die kweker besit te word;
- (b) waar die hele basiese baskwota van 'n geregistreerde plaas oorgedra word, die registrasie van daardie geregistreerde plaas ingetrek word en daardie geregistreerde plaas daarna nie sonder die spesiale magtiging van die Raad as 'n geregistreerde plaas geregistreer mag word nie; en
- (c) die Raad, voordat hy ooreenkomstig hierdie subklousule optree, enige aanbeveling moet oorweeg wat deur die Kwekersbaskwotakomitee gedoen word.
- (7) Behoudens die bepalings van klousules 25.5 (1) en 25.8 (1) kan 'n kweker nie sy kan 'n kweker nie sy hele jaarbasleweringstonnemaat of 'n gedeelte daarvan vervreem nie behalwe aan die oordragpoel ingevolge klousule 25.8 (5).
- (8) Ondanks die bepalings van klousule 25.3 (2) kan 'n persoon wat begerig is om 'n basiese baskwota te vervreem, die Kwekersbaskomitee daarvan verwittig, waarop vermeldde Komitee sodanige persoon kan help deur 'n gewillige koper te vind. Indien vermeldde kwota nie binne 12 maande na die datum van sodanige verwittiging verkoop is nie, moet dit aan die Raad of sy genomineerde oorgedra word teen sodanige prys as wat dan deur die Raad bepaal word.
- (9) Indien enige geregistreerde plaas gederegistreer word en die basiese baskwota ten opsigte van sodanige plaas nie binne 12 maande na sodanige deregistrasie deur die houder daarvan vervreem is nie, moet sodanige kwota aan die Raad of sy genomineerde oorgedra word teen sodanige prys as wat dan deur die Raad bepaal word.
- bark quota on a form prescribed by the Growers' Bark Quota Committee and subject to such conditions as may be determined by the Board from time to time.
- (6) Where a grower holds more than one registered farm he may, with the consent of the Board, transfer the whole, or such part as the Board may approve, of the basic bark quota held in respect of one registered farm to any other registered farm held by him: Provided that—
- (a) for the purposes of this clause the Board may regard a farm held by a partnership of which a grower is a member or by a company in which a grower has an interest which the Board is satisfied is sufficiently substantial as being held by the grower;
- (b) where the whole of the basic bark quota of a registered farm is transferred, the registration of that registered farm shall be cancelled and that registered farm shall not thereafter be registered as a registered farm without the special authority of the Board; and
- (c) before acting in terms of this subclause the Board shall consider any recommendation made by the Growers' Bark Quota Committee.
- (7) Subject to the provisions of clauses 25.5 (1) and 25.8 (1), a grower may not dispose of the whole or any portion of his annual bark delivery tonnage other than to the transfer pool in terms of clause 25.8 (5).
- (8) Notwithstanding the provisions of clause 25.3 (2), any person desirous of disposing of any basic bark quota may notify the Growers' Bark Quota Committee thereof, whereupon the said Committee may assist such person by finding a willing purchaser. Should the said quota not be sold within a period of 12 months of the date of such notification, it shall be transferred to the Board or its nominee at such price as the Board shall then determine.
- (9) In the event of any registered farm being deregistered and the basic bark quota in respect of such farm not being disposed of by the holder thereof within 12 months of such deregistration, such quota shall be n, such quota shall be transferred to the Board or its nominee at such price as the Board shall then determine.

25.4 Basiese baskwotas**(1) Prysgeewing**

By die verstryking van 'n huurkontrak of enige ander tydelike reg om 'n plaas, ten opsigte waarvan 'n basiese baskwota gehou word, te okkupeer, moet die houer van sodanige reg die basiese baskwota wat ten opsigte van genoemde geregistreerde plaas gehou word, aan die Kwekersbaskwotakomitee afstaan. Enige persoon wat 'n reg op die okkupering en besit of eiendomsreg op genoemde plaas het, kan daarna om genoemde basiese baskwota ten opsigte van genoemde plaas aansoek doen en genoemde Komitee kan sodanige aansoek toestaan: Met dien verstande dat 'n verhuurder of eienaar van genoemde plaas 'n voorrangreg ten opsigte van genoemde kwota het. Indien geen sodanige aansoek binne een jaar na die verval van genoemde reg gedoen word nie, kan die Kwekersbaskwotakomitee die basiese baskwota intrek wat ten opsigte van genoemde plaas gehou word.

(2) Registrasie

Die Raad sal vanaf 1 September 1995 'n amptelike registrasiesertifikaat aan alle kwekers wat in die nywerheid deel het, uitreik ten opsigte van elke geregistreerde plaas waarkragtens die kwekers geregtig is op 'n jaarbasleweringstonnemaat op die grondslag van standhoudende potensiaal soos deur die Kwekersbaskwotakomitee bepaal.

25.5 Intrekking van basiese baskwotas en appelle teen kwotas tot 31 Augustus 1995

(1) Die Kwekersbaskwotakomitee kan, nadat hy 'n kweker die geleentheid gebied het om aangehoor te word, 'n basiese baskwota intrek wat deur sodanige kweker gehou word en ten opsigte waarvan wattlebas nie gelewer is met die oog op die jaarbasleweringstonnemaat toegewys aan daardie geregistreerde plaas waaraan die basiese baskwota toegewys is nie.

(2) 'n Besluit, toekenning of handeling deur die Kwekersbaskwotakomitee ooreenkomstig hierdie klousule is onderworpe aan heroorweging en appèl ooreenkomstig kousule 25.13 hiervan, *mutatis mutandis*.

25.6 Raming van die jaarlikse tonnemaat wattlebas benodig vir verwerking

(1) Minstens een maand voor die begin van die seisoen, nadat die persone wat die ramings opstel die navrae en ondersoeke gedoen het wat hulle nodig ag, en na bespreking van die voorgestelde ramings deur die Bemerkingskomitee, moet SA-WEMA die tonnemaat ekstrak raam wat gedurende die volgende seisoen

25.4 Basic bark quotas**(1) Surrender**

Up to 31 August 1995 upon the expiry of a lease or any other temporary right to occupy a farm in respect of which a basic bark quota is held, the holder of such right shall surrender to the Growers' Bark Quota Committee the basic bark quota held in respect of the said registered farm. Any person entitled to the occupation and possession or ownership of the said farm may thereupon apply for the said basic bark quota in respect of the said farm and the said Committee may grant any such application: Provided that a lessor or owner of the said farm shall have a prior right in respect of the said quota. If no such application is made within one year of the expiry of the said right, the Growers' Bark Quota Committee may cancel the basic bark quota held in respect of the said farm.

(2) Registration

All growers participating in the industry from 1 September 1995 will be issued by the Board with an official registration certificate for each registered farm entitling such growers to an annual bark delivery tonnage on a sustainable potential basis as determined by the Growers' Bark Quota Committee.

25.5 Cancellation of basic bark quotas and appeals against quotas until 31 August 1995

(1) The Growers' Bark Quota Committee may, after giving a grower an opportunity of being heard, cancel any basic bark quota held by such grower in respect of wattle bark not delivered against the annual bark delivery tonnage allocated to the registered farm to which such basic bark quota was allocated.

(2) Any decision, allocation or action by the Growers' Bark Quota Committee in terms of this clause shall be subject to reconsideration and appeal in accordance *mutatis mutandis* with clause 25.13.

25.6 Estimate of annual tonnages of wattle bark required for processing

(1) At least one month before the beginning of the season, after such enquiries and investigations as they think requisite have been made by the persons making the estimates and after discussion of the proposed estimates by the Marketing Committee, SA-WEMA shall estimate the tonnage of extract required to be manufactured

vervaardig moet word. Die raming van die tonnemaat ekstrak is die som van die tonnemaat soliede ekstrak en die tonnemaat verpoeierde ekstrak, uitgedruk as soliede ekstrak op die basis dat 84 ton verpoeierde ekstrak gelyk is aan 95 ton soliede ekstrak. SAWEMA moet onmiddellik die ramings aan die Bemarkingskomitee rapporteer, welke Komitee die reg het om sodanige ramings te hersien.

- (2) Wanneer die Bemarkingskomitee die ramings in klousule 25.6 (1) hiervan bedoel oorweeg en gefinaliseer het, moet hy die Raad, die Kwekersbaskwotakomitee, SAWEMA en SAWGU onmiddellik daarvan verwittig.

25.7 Vasstelling van jaarbasleweringstonnemaat vir kwekers

- (1) Minstens twee maande voor die aanvang van 'n seisoen moet die Kwekersbaskwotakomitee stappe doen om dié ondersoek in te stel wat hy goeddink, en inligting in dié vorm waartoe hy besluit aan hom te laat voorlê, in verband met alle sake wat betrekking het op die toekëning aan individuele kwekers van 'n standhoudende potensiaal, insluitende in die besonder die oppervlaktes en ouderdomsklasse van geregistreerde watteloppervlaktes.
- (2) Die raming van ongedroogde bas moet bepaal word deur die toepassing van die ekstrakverhouding, uitgedruk tot drie desimale, op die beraamde tonnemaat ekstrak. Hierdie ekstrakverhouding is soos bepaal deur die Bemarkingskomitee.
